

**Lede van die Kaktusfamilie (*Opuntia*, *Harrisia* etc) Turksvy,  
Prickly pear ens.**

Meer as 200 spesies van kaktus is ingevoer in Suid-Afrika, hoofsaaklik as sierplante. Eerstens is die doringlose soet turksvy, *Opuntia ficus-indicus*, in die 17<sup>e</sup> eeu ingevoer vir vrugte en voer. Teen die begin van die 20<sup>e</sup> eeu het vervuiling, van veral doringagtige variante van die plant, so hewig geword, dat stappe landwyd geneem is om dit te beheer, veral deur die gebruik van die cochineal insek.

Die volgende kaktusspesies is in die Waterberg as Kategorie 1 Verklaarde Onkruid geïdentifiseer, wat beteken dat hul geen ekonomiese waarde inhou nie, maar eienskappe besit wat skadelik vir mens, dier en/of die omgewing is. Hul is verbode en moet uitgeroei word:

<i>Harrisia martinii</i>	toukaktus	moon cactus
<i>Opuntia aurantiaca</i>	litjieskaktus	jointed cactus
<i>Cylindropuntia imbricata</i>	kabelturksvy	imbricate prickly pear
<i>Opuntia ficus-indica</i>	boereturksvy (doringagtige variant alleenlik)	sweet prickly pear
<i>Opuntia humifusa</i>	groot blom of klimmende turksvy	large-flowered or creeping prickly pear
<i>Opuntia stricta</i>	suurturksvy	Australian pest-pear
<i>Echinopsis schikendantzii</i>	orrelkaktus	torch cactus



*O. stricta*



*E. schikendantzii*



*C. Imbricata*

(Bostaande foto's verskaf met vergunning van SAPIA News 25, Julie 2012)



Doringagtige *O. ficus-indica*, Tarentaalstraat

**Beskrywing:** Die oorgrote meerderheid van kaktusse is blaarloos, doringagtige, aardbewonende, stamvetplante. Groeivorm wissel tussen laaggroeiende dwergstruik tot regop of spreidende struik, klimplante en bome. Stingels kan gesegmenteerd of ongesegmenteerd, silindries, kolomvormig, sferies, tuberkuleus (vol knoppies), geriffeld, gevleuel of afgeplat wees. Dorings wissel in getal, grootte, vorm en kleur. Blomme is besonders, gewoonlik enkel en radiaal simmetries, met verskeie gekleurde dele, wat snags of bedags oopgaan. Blomme word deur insekte, voëls en vlermuise bestuif. Die vrugbeginsel, wat oorsprong gee aan die vrug, is omhul deur die saadvlies (vlesige vrugbodem), soms na verwys as 'n blomagtige buis. Vrugte is

Een van 'n reeks inligtingstukke uitgereik deur "Waterberg Nature Conservancy" tot voordeel van die gemeenskap

bessies, gewoonlik vlesig, wissel tussen glad, geskub, harig, stekelrig of doringagtig (SAPIA News, Julie 2012).

**Oorsprong:** Alle kaktusse is uitheems aan Suid-Afrika en hul oorsprong is die Amerikas.

**Voorkoms:** Bykans orals, maar versprei dikwels vanaf menslike bewoning of veekrale. Sommige kaktusse versprei deur afgebreekte segmente, bv. litjiekaktus en kabelturksvy, maar die vernaamste vorm van verspreiding is deur die saad, deur voëls, bobbejane en ape (en mense) wat die vrugte eet.

**Waarom 'n probleemplant:** Behalwe vir die vrugte, is doringagtige kaktusse grootliks onsmaaklik vir vee en wild. As dit nie beheer word nie, vorm dit digte bosse met dorings, wat diere afskrik en kan lei tot erge velirritasie. Doringagtige variante van die boereturksvy, wat eens onder beheer was, neem weer toe en biologiese agente moet weer toegedien word.

**Uitroei- / Beheermetodes:** Dit is moeilik om kaktusse meganies uit te roei, omdat hul baie lank buite die grond kan oorleef. Eksemplare moet verbrand of baie diep begrawe word. Biologiese beheer is effektief vir sekere spesies; kontak Hildegard Klein by ARC-PPRI vir advies: [KleinH@arc.agric.za](mailto:KleinH@arc.agric.za); Tel 012 356 9841.

Die hoof onkruidodder wat geregistreer is en die suksesvolste teen die plant is, is **MSMA 720 SL** (L7279). Verdun 1 liter van MSMA in 2 liter water en *spruit* die oplossing in voorafgemaakte gate in die stam van die plant met ~2.5m intervalle, en net 2 ml per gat. Herhaalde behandelings van tot 8 inspuittings mag nodig wees. **NB:** SANBI het aanbeveel dat MSMA onlangs onttrek is vir gebruik deur staatsdepartemente, omdat dit in geïsoleerde gevalle hoogs giftig was vir weiende vee en wild, weens kontaminasie van die gras rondom die teikenplante. MSMA kan egter veilig gebruik word as dit *ingespruit* word in die teikenplant en nie op die plant gespruit word nie. **Daar word sterk aanbeveel** dat die omgewing wat behandel word, tydelik ingekamp moet word om vee en wild uit te hou; en dat die behandelde plante, wat gesterf het, versamel en verbrand word in 'n put wat met grond opgevol word, voordat diere weer in die gebied toegelaat word.

Die aktiewe bestanddeel *glifosaat* is ook geregistreer vir die gebruik teen alleenlik *Opuntia ficus-indica* (boereturksvy), toegedien as 'n staminspuiting. Dit lewer wel nie sulke goeie resultate as MSMA nie. Verskeie onkruidodders is geregistreer wat hierdie chemikalie bevat, bv.:

- **Roundup Max** (L6790) (*glifosaat*(ammonium) 680g a.e./kg: wateroplosbare granules
- **Buggie 360** (L6806); **Glyphosate 360** (L4732, L4756); **Profit** (L4774); **Roundup** (L407); **Strip** (L6752); **Sunup** (L4687) (*glifosaat*(isopropylamien) 360g a.e./L: oplossings.
- **Roundup Turbo** (L7166) (*glifosaat* (isopropylamien) 450g a.e./L): 'n oplossing.
- **Touchdown Forte Hi Tech** (L7305) *glifosaat* (kalium) 500g a.e./L): 'n oplossing.

Ander sluit in: **Duiker 180, Roundup Max, Nexus, Cobra, Springbok.**

Alle onkruidodders moet gebruik word nadat dit vars gemeng is (moenie oornag laat staan nie).

**NB: Volg die instruksies op die onkruidodderetiket noukeurig.** Baie onkruidodders kan giftig wees vir ander plante en/of mak diere indien nie korrek toegedien nie. (Verkeerde gebruik van onkruidodders is 'n kriminele oortreding in terme van Act No. 36 van 1947).

### Bronnelys:

ARC-LNR Weeds & Invasive Plants website: [www.agis.agric.za/wip](http://www.agis.agric.za/wip)

ARC-LNR SAPIA News 25 (July 2012); Focus on Cacti in South Africa. ARC – Plant Protection Research Institute, Pretoria. [www.arc.agric.za](http://www.arc.agric.za)

Bromilow, Clive (2010): *Problem Plants and Alien Weeds of South Africa*. Briza. Pretoria.

Henderson, Lesley (2001): *Alien Weeds & Invasive Plants*. Agricultural Research Council (ARC), Pretoria.

Schmidt, Ernst, Mervyn Lotter & Warren McClelland (2007): *Trees and Shrubs of Mpumalanga and Kruger National Park* (2<sup>nd</sup> Edition). Jacana, Johannesburg.

Van Zyl, Kathy (compiler) (2005): *Control of Unwanted Plants*. Xact Information, Pretoria.

Van Zyl, Kathy (compiler) (2012): *Problem Plant Control Compendium*. AVCASA, Midrand ([info@croplife.co.za](mailto:info@croplife.co.za)).

Spesiale dank aan **Dr Gerhard Verdoorn** van Griffon Poison Information Centre, aan **Mr Ferdie Jordaan** van Arysta Lifescience en aan **Ms Lesley Henderson** van ARC vir hul waardevolle raad en leiding. Hul entoesiastiese ondersteuning van hierdie vrywillige projek word opreg waardeer.

**Een van 'n reeks inligtingstukke uitgereik deur "Waterberg Nature Conservancy" tot voordeel van die gemeenskap**